

“KAN DIE VROU HAAR VOLK DIEN DEUR HAAR HUIS?": AFRIKANERPOLITIEK EN VROUE IN DIE OSSEWA-BRANDWAG, 1942 TOT 1954

Charl Blignaut¹

Abstract

The “Ossewa-Brandwag” (OB or Oxwagon Sentinel) was a mass-movement of Afrikaners following a non-party political strategy in order to gain power in a white dominated South Africa. The organisation, which gained its highest support during World War II, was openly anti-British, pro-German and followed a National-Socialist agenda together with strong undercurrents of Afrikaner Christian (Calvinist) Nationalism. Despite the movement’s explicit stance against party politics, it inevitably transgressed these boundaries and came to blows with the upcoming “Herenigde Nasionale Party” (HNP) leading to a bitter fight which deepened the rift in Afrikanerdom. Although previous histories of the OB focused mainly on the battle between the two protagonists of the saga, namely Commandant General (CG) JFJ van Rensburg of the OB and Dr DF Malan of the HNP, OB women also took part in the political discourse of the 1940s. This article examines how women of the Ossewa-Brandwag interpreted their own political position in the movement and how they regarded their place in the OB itself and in broader South African and Afrikaner politics. The exercise of female power in a patriarchal society is extremely constrained and therefore OB women had to manoeuvre themselves within the confines of the dominant gender ideology, articulated in the so-called “volksmoeder (mother of the nation) discourse”. The aim of this article is to show how women in the OB bought into the normative limitations and boundaries of conventional womanhood and even legitimized and defended their subservient position. An emphasis is also placed on how women interpreted the confines of the dominant gender ideology.

Keywords: Ossewa-Brandwag/Oxwagon Sentinel; Afrikaner women; women; gender; gender history; South African history; *volksmoeder*/mother of the nation; politics; Afrikaner nationalism.

Sleutelwoorde: Ossewa-Brandwag; Afrikanervroue; vroue; geslag; geslagsgeskiedenis; Suid-Afrikaanse geskiedenis; *volksmoeder*; politiek; Afrikaner-nasionalisme.

1. INLEIDING

Van die tienduisende Afrikaners wat aan die Ossewa-Brandwag behoort het, was ’n beduidende getal vroue. Ooreenkomstig die OB se doel om ’n impak te maak op “alle fasette van die volkslewe” was dit onafwendbaar dat vroue ook blootgestel sou word en deelgeneem het aan formele Afrikanerpolitiek.²

-
- 1 Lektor, Departement Geskiedenis, Potchefstroom-kampus, Noordwes-Universiteit. E-pos: charlblignaut777@yahoo.com
 - 2 PJJ Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952”. In: PF van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom: PU vir CHO, 1991), p. 15.

Die OB was georganiseer volgens die kommandostelsel van die voormalige Boererepublieke. Aparte kommando's vir vroue is dwarsoor Suid-Afrika georganiseer (genoem vrouekommando's).³ Saam het hierdie kommando's die amptelike Ossewa-Brandwag Vroueafdeling gevorm – 'n semi-onafhanklike vroueorganisasie wat bestaan het vanaf 1939 tot 1954. Op 'n provinsiale en nasionale vlak is alle vrouekommando's verteenwoordig deur 'n spesiale raad, genoem die Vroue-Adjunkraad (VAR). Hierdie raad het deel gevorm van die hoof Vroueafdeling. Elkeen van die OB se ses gebiede het oor 'n VAR beskik wat bestaan het uit vroulike offisiere. Hierdie ses vroue is genoem Hoofvroue en daar is ook na hulle verwys as “generaals”. As 'n liggaam het die nasionale VAR al die plaaslike vroueafdelings verteenwoordig op die Grootraad, die OB se hoogste gesagsorgaan.⁴

Ná die reorganisasie van die OB in 1942 was die Vroueafdeling alreeds op 'n baie sterk voet geplaas en was dit ook die organisasie se hoofbron van inkomste.⁵ Die hipernasionalisme van die OB het teen hierdie tyd 'n sterk invloed begin uitoefen op sowel die agentskap van vroue, asook op die ideologiese beeld wat amptelik binne die beweging rondom vroue gekonstrueer is. Die OB-weergawe van die volksmoeder sien die vrou as iemand met 'n afgebakende taak – nie net in die gesin nie, maar ook in die openbare lewe. Vroue is deur die OB-leiers erken as politieke agente in die beweging, sowel as in die hiërargiese indeling van die OB, maar binne 'n afgebakende gebied.

Voorts het die OB aan vroue, by wyse van die bogenoemde indeling, 'n platform gegee om hulle menings oor politieke sake uit te spreek. Die feit dat die vrou se rol in die openbare lewe afgebaken is, dui op die invloed wat geslag gespeel het as 'n legitimeerder van mag.⁶ Daar is wel meer mag toegeken aan mans in die formele politiek as aan vroue, maar dit was juis die meer nasionalistiese volksmoederbeeld van die OB wat vroue op beperkte wyse kon gebruik om ook hulle stemme te laat hoor in die openbaar. Gewapen met die titel “volksmoeder” het vroue gebruik gemaak van die middele in die OB om op drie vlakke op te tree as agente waar politiek en nasionalisme ter sprake is. Die leser word herinner aan die woorde van LM Kruger:


3 Ossewa-Brandwag Argief, Ferdinand Postma Biblioteek, Potchefstroom-kampus, NWU (Hierna bloot verwys as OBA), Grootraad-versameling (Hierna bloot verwys as vers.), B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 17 Julie 1939.

4 OBA, Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 18: Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking.

5 Dit was ook die geval by die Vroue Nasionale Party-takke gedurende die 1920's. Sien in hierdie verband JC Steyn, *Die 100 jaar van MER* (Kaapstad: Tafelberg, 2004).

6 Hierdie is die beste vertaling van Joan W Scott se konsep van “legitimiser of power”. Sien JW Scott, *Gender and the politics of history* (Hersiene uitgawe, New York: Columbia University Press, 1999), pp. 42-49.

Figuur – Skematiese uiteensetting van die Vroueafdeling⁷



7 JJ Badenhorst, "Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag". In: Van der Schyff (red.), p. 118.

“[...] women were active agents of Afrikaner nationalism on three different, but related, levels. They firstly served the nationalist cause in organisations and actions of an explicitly political nature. In the second place they were instrumental to Afrikaner nationalism as the active members of public women’s organisations, even if these were not explicitly political organizations, but welfare organizations or cultural groupings. Thirdly, on a much more basic level, as mothers, wives and houseworkers, they also contributed to Afrikaner nationalism in the private sphere of their own households.”⁸

As selfbenoemde volksorganisasie het die OB al drie die bogenoemde vlakke geïntegreer in sy organisasie. As nasionalistiese beweging kon vroue die Afrikanersaak bevorder deur hulle posisies as vroueieiers in die OB. Dit het hulle toegang gegee tot die pers en openbare optredes waar hul saak bevorder kon word. Binne die OB self was die afgebakende Vroueafdeling nie eksplisiet polities nie, maar het deur hulle werksaamhede ’n bydrae gelewer tot die OB se stryd vir die “Afrikanersaak”. Vroue het ook opgetree as politieke agente in hulle rol as moeders en huisvroue, asook hulle spesifieke rol in die gesin. Soos later sal blyk, het sommige vroue hulle rol in die private sfeer van die huishouding, en die breër versorging van die volk wat daaruit voortvloei, as’t ware geskets as politieke daad. Ten spyte hiervan, het vroue geensins oor dieselfde middele beskik as mans wanneer die uitwerk van OB-beleid en formele politiek ter sprake was nie.

Bogenoemde feit kom baie duidelik na vore in ’n artikel in die amptelike nuusorgaan van die beweging, naamlik *Die OB*, getiteld, “Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?”⁹ Hierin word aangevoer dat die vrou vergelyk kan word met die fabriekswerkers wat gedurende ’n oorlog deurentyd werk om wapens aan die veggende soldate (die mans) te voorsien: “Net soos die werker aan die tuisfront sy deel tot die oorlog bydra, net so dra die vrou haar deel by tot die opbou van die volk wanneer sy in haar huis haar pligte teenoor haar gesin vervul.” Daar word verklaar dat die grootste diens wat die vrou aan die volk kan lewer, die opvoeding en vorming van haar kinders is: “sodat hulle waardige lede van die volk kan wees”.¹⁰ Haar werk in die gesin is dus beskou as ’n politieke daad, maar die aktiewe toepassing van hierdie daad is beperk tot wat die heersende geslagskonstruksie van die dag toegelaat het, naamlik die volksmoederkonstruksie.

Hoofsaaklik twee kwaliteite van die volksmoeder het by uitstek in die OB gemanifesteer, naamlik 1) die volksmoeder se vryheidsin en sin vir onafhanklikheid wat uiting gevind het in die OB-vroue se verzet teen Suid-Afrika se oorlogspoging¹¹ en 2) moederskap tesame met alles wat met hierdie konsep geaardgaan.

8 LM Kruger, *Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the “Volksmoeder” discourse of “Die Boerevrou”, 1919-1931* (MA, Universiteit van Kaapstad, 1991), p. 23.

9 OBA, *Die OB*, 7 Oktober 1942.

10 *Ibid.*

11 Sien in hierdie verband, C Blignaut, ““Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog”, *Historia* 57(2), 2012, pp. 68-103.

Laasgenoemde is veral beskryf in die amptelike beleid van die OB, naamlik die gesinsbeleid. Hierdie dokument is opgestel deur G Cronjé en kan beskou word as die basis van die OB se geslagsideologie. In Oktober 1942 het die OB sy amptelike gesinsbeleid gepubliseer in 'n boek genaamd *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk*.¹² Teen 1943 is die belangrikste beleidsbeginsels van die OB uitgewerk en het dit die gesinsbeleid ingesluit.¹³ In 1949 is die gesinsbeleid opnuut gepubliseer in 'n reeks artikels in *Die OB*.¹⁴ In die OB se maatskaplike en volksbeskouing staan die gesin sentraal en word die rol van die Afrikanervrou duidelik omskryf. Op grond van die gesinsbeleid kan daar van die standpunt af uitgegaan word dat die primêre kwaliteit, waarop die idee van moederskap amptelik gebou is in die OB, dié is van volksmoederskap. In die OB is moederlike versorging sowel partikulier as universeel hanteer en laasgenoemde het neergekom op die rol van die vrou in die breë samelewing, wat sekere beperkte lyne van deelname aan politieke diskoers vir vroue oopgemaak het.

Dit verbaas dus nie dat die vrou se bydrae tot formele politiek in die OB nie totaal gesien kan word in terme van Kruger se stelling nie. Die man is steeds in die OB beskou as die een wat die politieke hef in die hand gehad het. So is daar geskrywe: “Deur haar huis kan die vrou verder volksdiens verrig as sy haar man besiel om sy dagtaak te doen nie net vir homself of sy gesin nie, maar vir sy volk.”¹⁵ Hierdie artikel fokus dus op die aard van OB-vroue se politieke agentskap deur dit te beskou in die lig van die volksmoeder as geslagskonstruksie wat *self* deur tydenote gepropageer is.

In Suid-Afrikaanse historiografie is daar al veel gesê oor die volksmoeder.¹⁶ Die doel van hierdie artikel is egter nie 'n ontleding van die historiografie nie, maar

12 Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk* (Stellenbosch: Pro-Ecclesia, 1942).

13 OBA, JS de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag; OBA, Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

14 OBA, *Die OB*, 9 Februarie 1949; 16 Februarie 1949; 16 Maart 1949; 23 Maart 1949; 30 Maart 1949; 13 April 1949.

15 *Ibid.*

16 Die belangrikste werke oor die volksmoeder in Suid-Afrika is: E Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the *Volksmoeder*”. In: C Walker (red.), *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Kaapstad: David Phillip, 1990), pp. 273-292; E Cloete, “Afrikaner identity: Culture, tradition and gender”, *Agenda* 13, 1992, pp. 42-56; M du Toit, “The domesticity of Afrikaner nationalism: *Volksmoeders* and the ACVV, 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies* 29(1), 2003, pp. 155-176; L Vincent, “A cake of soap: The *volksmoeder*-ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote”, *The International Journal of African Historical Studies* 32(1), 1999, pp. 1-17; L Vincent, “The power behind the scenes: The Afrikaner nationalist women’s parties, 1915-1931”, *South African Historical Journal* 40(1), 1999, pp. 51-73; L Vincent, “Bread and honour: White working class women and Afrikaner nationalism in the 1930’s”, *Journal of Southern African Studies* 26(1), 2000, pp. 61-78; L van der Watt, “The comradely ideal and the *volksmoeder* ideal: Uncovering gender ideology in the Voortrekker tapestry”, *South African*

om te bou op sekere sentrale argumente. Vanweë hierdie artikel se klem op die openbare plek van vroue, word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van L Vincent se navorsing, aangesien sy spesifiek geskryf het oor Afrikanervroue se politieke rol. Haar nugter hantering van die volksmoeder as beide “bevrydend” en “beperkend” is besonder bruikbaar. Vincent fokus op die invloed van die volksmoeder op vroue se betrokkenheid in formele politiek gedurende die begin van die twintigste eeu. Sy maak in haar studies gebruik van die Nasionale Party se vrouepublikasie, *Die Burgeres*, ten einde aan te toon hoe: “leading figures in the nationalist women’s parties came to redefine the notion of the *volksmoeder*, articulating a broader interpretation of this ideology which allowed them to legitimise their political role while remaining within the framework of Afrikaner nationalism”.¹⁷ Volgens hierdie denkwysie het Afrikanervroue die beeld van die volksmoeder as politieke gereedskap gebruik. Nietemin, net soos wat daar ’n breë interpretasie van die volksmoeder kan wees, so ook kan daar ’n beperkte een wees.

Vincent dui daarop dat die Vroue Nasionale Party ’n groot bydrae gelewer het tot die oorwinning van die Nasionale Party in 1924 deur uitstekende organisatoriese vaardighede en finansiële bydraes. Ten spyte hiervan het die mans begin om vroue se nuutgevonde selfvertroue op politieke en sosiale terrein te beskou as ’n bedreiging.¹⁸ Van der Merwe som dit soos volg op: “With the economic crisis brought on by the Great Depression, the men felt that they could no longer tolerate nor control an independent and critical (and vibrant) voice within their ranks, who would also be competition in the labour market.”¹⁹ Dit wat Afrikanervroue politieke speelveld gegee het, het dus begin om hulle in die voet te skiet. Die einste kwaliteite van die *volksmoeder* wat vir vroue die geleentheid gegee het om vir meer politieke regte te agitêr, het hulle uiteindelik uit die formele politiek geweert: “The more traditionalist strain in the *volksmoeder* ideology came to the fore once more, urging women back into the home [...] to devote their time to their families and household as well as welfare organizations.”²⁰

Dit is belangrik om hierdie dinamika in ag te neem wanneer daar gekyk word na die politieke posisie van vroue in die OB. Daar is ’n neiging in die historiografie om altyd aan te toon hoe sterk vroue se rol in die verlede na vore getree het. Dit

Historical Journal 39, 1998, pp. 91-110; E. Brink, “Die volksmoeder: ’n Beeld van ’n vrou”. In: AM Grundlingh en S Huigen (reds.), *Van volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke* (Stellenbosch: Sun Press, 2008), pp. 7-16; D Gaitskell en E Unterhalter, “Mothers of the nation: A comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress”. In: N Yuval-Davis en F Anthias (reds.), *Women-Nation-State* (London: Macmillan, 1989), pp. 58-78.

17 Vincent, “The power behind”, p. 54.

18 Vincent, “A cake of soap”, p. 15.

19 R van der Merwe, “Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies? Female students at the University of Pretoria, 1920-1970”, *Historia* 56(1), 2011, p. 9.

20 Vincent, p. 69; Van der Merwe, p. 9; Vincent, “A cake of soap”, pp. 15-16.

kan lei tot 'n gevaarlike situasie waar primêre bronne gelees word deur die bril van politieke korrektheid. Deur Vincent se tweeledige interpretasie van die volksmoeder aan te neem, word die navorser in staat gestel om te let op sowel die breë as die beperkte interpretasie van die volksmoeder wanneer 'n ontleding van die vroulike rol ter sprake is.

Teen die bogenoemde agtergrond is die doel van hierdie artikel spesifiek om te fokus op die politieke menings van OB-vroue as deel van die politieke *diskoers* in die OB oor die beperkinge van die volksmoeder – sonder om die volksmoeder te ontleed. Vroue se stemme oor woelinge binne die OB, en enkele vroueleiers se menings oor die posisie van die Afrikanervrou binne die beweging, word ondersoek. Vrouemenings oor die betrokkenheid van die OB in die breër Afrikanerpolitiek kom ook onder die soeklig. Die doel is om te bepaal of die OB-vrou werklik “deur haar huis” die volk kon dien – met ander woorde hoe sterk en wyd was haar *politieke* agentskap? Omdat hierdie artikel nie vroue se *impak* op politiek ontleed nie, maar wel hulle deelname aan die diskoers, word daar besondere klem gelê op wat vroue *self te sê* gehad het oor bogenoemde sake, asook hulle interpretasie daarvan.

2. VROUESTEMME: OB-VROUELEIERS SE MENINGS OOR DIE OSSEWA-BRANDWAG AS VOLKSBEWEGING EN HULLE EIE POSISIE EN ROL IN DIË BEWEGING

Dat OB-vroue erns gemaak het met hulle amptelike posisie in die OB, tree vir die eerste maal sterk na vore in 1942 toe die OB se Grootraad begin het om die wiel van reorganisasie aan die rol te sit. Tydens 'n Grootraadsvergadering van 1 Oktober 1942 is G Cronjé²¹, hoof van die OB se Sosiale Afdeling, se memorandum insake vrouevolksorg vir die eerste maal ter tafel gelê. Geen vrou was op hierdie vergadering teenwoordig nie. Die afwesigheid van vroue by hierdie vergadering is vreemd, aangesien die VAR wel sitting op die Grootraad gehad het. Die lede van die Grootraad het nietemin besluit om Cronjé se voorstelle na 'n komitee, bestaande uit assistent kommandant-generaal (AKG) JA Smith en genl. F du Toit van Zyl van Kaapland, vir oorweging te verwys; wat 'n verslag vir die dagbestuur van die OB moes indien.²² Daar het egter verwarring ontstaan en gerugte het die rondte gedoen

21 Cronjé was 'n sentrale figuur in die OB. Vandag is hy bekend vir sy idees rondom ras en die invloed daarvan op die latere apartheidsbeleid en die skepping van 'n Afrikaner-ideaaltype, maar hy het ook 'n groot rol gespeel in die vorming van die rol van die vrou in die OB. As sosioloog aan die Universiteit van Pretoria sedert 1936, sou hy sy merk maak in gesinsosiologie, wat later 'n sterker invloed op die OB-Vroueafdeling en die amptelike ideologie van die OB sou uitoefen. Cronjé het sterk geïdentifiseer met die organisasie en het ook hoë posisies beklee, naamlik as generaal van Pretoria, sekretaris van die Grootraad (1947/48), hoof van die Noodhulpfonds en latere hoof van Vroue-Volksorg.

22 OBA, Grootraad-vers., B/L 1/2/12: Notule van vergadering, 1 Oktober 1942.

dat die voorstelle by hierdie spesifieke vergadering aanvaar is sonder om die vroue in die saak te ken.

In ’n brief aan JA Smith verwys AJH van der Walt, sekretaris van die Grootraad, na ’n uittreksel uit ’n dagbestuursnotule wat soos volg lui: “Intussen het moeilikhede ontstaan deurdat die Memorandum in Kaapland as ’n offisiële stuk van die Grootraad aangesien is. Die bestaan en inhoud daarvan het by die vroue opspraak en ontevredenheid verwek.” Van der Walt het Smith aangeraai om die Vroue-adjunkrade van die OB mee te deel dat die memorandum nie ’n amptelike stuk van die Grootraad is nie, maar bloot ’n studiestuk en “dat geen stappe dienaangaande geneem sal word voordat die Vroue-adjunkrade behoorlik geraadpleeg is nie”.²³

In antwoord op Van der Walt se brief skrywe Smith dat hierdie bewering geensins korrek kan wees nie. Hy noem dat hy die enigste persoon is wat die Kaaplandse vroue genader het om hulle menings “oor ’n moontlike inskakeling van die bestaande vroue-organisasie vir die voorgestelde vroue-volksorg” in te win. Na gesprekke met vroueiers, mevrou Du Toit, Conradie en Van Zyl, het “hulle volle goedkeuring aan die rapport gegee” en die rapport met ’n brief na die stafhoof gestuur. Smith beweer dat “iemand kwaadwillig gehandel het om die rapport by die Dagbestuur in te dien as offisiële stuk” en dat daar dissiplinêre stappe geneem moes word.²⁴

Of iemand kwaadwillig gehandel het deur die memorandum voor te hou as amptelike stuk en of dit ’n administratiewe flater was, maak in hierdie geval nie regtig saak nie. Wat belangrik is, is dat besluite oor die Vroueafdeling en vrouesake in die OB nie geneem is sonder die goedkeuring van die vroue nie. Die voorstelle en memorandums is wel deur mans opgestel, soos deur G Cronjé, maar kragtens die konstitusie van die OB was dit onderhewig aan die goedkeuring van die leierskap van die OB, waarvan die vroueïdsters ’n belangrike deel uitgemaak het. Dat die korrespondensie plaasgevind het oor die “moeilikhede wat ontstaan het” omdat sommige OB-vroue gedink het hulle word uit die besluitnemingsproses gesluit dui op die bemoeienis wat vroue gemaak het met hulle rol in die OB. Ten spyte hiervan is dit ook belangrik om in ag te neem dat Cronjé se voorstelle oor vrouesake na mans verwys is vir ondersoek. Vroue het geen beleidmakende rol gespeel nie, maar het bloot in ’n adviserende hoedanigheid opgetree. Vroue is eers geken in beleidsformulering nadat ’n beleid opgestel is – uiteindelik het hulle *goedkeuring* gegee aan beleide wat deur mans opgestel is en dit is die enigste voorbeeld in die dokumente waar vroue hul “verset” het wanneer amptelike beleid ter sprake was. In ooreenstemming met hierdie eerste voorbeeld sou vroue deurgaans hulle stemme in die OB laat hoor.

23 *Ibid.*, B/L 1/1/1: Korrespondensie AJH van der Walt – JA Smith, 13 November 1942.

24 *Ibid.*, B/L 1/1/1: Korrespondensie JA Smith – AJH van der Walt, 25 November 1942.

Dit was veral die verskillende vroueleiers wat in staat gestel is om deur *Die OB*-koerant hul menings oor die belangrikheid van die beweging, sowel as hulle eie posisie in die organisasie in die openbaar bekend te maak.

In drie oproepe vir OB-dag, die grootste dag met die oog op insameling op die OB-kalender, koppel vroue hulle werksaamhede aan politiek en dus ook aan Afrikanernasionalisme. In *Die OB* van 9 Mei 1945 word geskrywe dat “die ideaal wat die vroue in die OB aanmekaarbind [is] dat sy werk om haar volk diepverskeurd, uitmekaargejaag, weer bymekaar [te] bring”. Hier word verwys na die skeuring wat in die Afrikanerdom veroorsaak is sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie “werk” wat bydra tot die nasionalistiese ideaal van volkseenheid, is gekoppel aan die vrou se taak as fondsinsamelaar, “dit is die vrou se bydrae tot die stryd vir verwesening van hierdie ideaal dat sy haar spaartyd en volle kragte sal gee vir die insameling van fondse vir Ossewabrandwagdag”.²⁵ Vanuit dieselfde oord skryf genl. K. Malan van die Witwatersrand dat die OB daartoe bydra dat die Afrikanersaak gehandhaaf word en die enigste manier om dit te handhaaf, is om toe te sien dat die volksbeweging genoeg geld maak op Fondsdag.²⁶ In 1948, ná die oorwinning van die Nasionale Party, roep genl. Mostert van Noord-Transvaal die OB-lede van haar gebied op deur te verklaar, “die vyand is verslaan, maar nog nie vernietig nie”. In haar oproep in verband met Fondsdag herinner sy die lede dat, “sonder fondse moet ons die stryd gewonne gee”. Haar regverdiging is dat die OB se taak nog geensins afgehandel is nie en daarom moet “elkeen [sy] plig doen, om so ons eindoorwinning te bereik, nl. ons Christelike Nasionale Republiek waarvoor ons stry en gewillig is om te ly”.²⁷

Hierdie drie oproepe dui daarop dat vroue self hulle algemene taak in die OB selfs ná die algemene verkiesing van 1948, toe die OB se doodsklokke begin lui het, as ’n politieke daad beskou het. Werksaamhede soos fondsinsameling is in die eerste helfte van die twintigste eeu in verskeie organisasies deur vroue behartig – die OB is hier geensins uniek nie. Vroue het besondere betekenis geheg aan hulle rol as fondsinsamelaars. Hier sien ons twee verskillende interpretasies van die volksmoeder, waar die vrou by wyse van haar *moederskap* (versorging) en haar *sin vir onafhanklikheid* (blatante Afrikaner-nasionalisme) as politieke agent wou optree. Die argument is geopper dat vroue, deur hulle insameling van fondse agter die skerms, dit vir die OB moontlik gemaak het om te bestaan. Dit is ook vir mans moontlik gemaak om hul besig te hou met die meer formele politieke aspekte van die beweging. In hierdie opsig is vroue se rol beperk tot iets wat die wyer rol van mans moontlik gemaak het.

25 OBA, *Die OB*, 9 Mei 1945.

26 *Ibid.*, 9 Julie 1947.

27 *Ibid.*, 16 Junie 1948.

Tog het vroue steeds hulle taak in ’n politieke lig beskou, vandaar dat die OB vir hulle ’n middel was waardeur hulle ’n eiesoortige (beperkte) politieke rol kon speel. Vroue se menings oor die OB se belangrikheid en hulle posisie in die beweging kom egter die sterkste na vore in die artikels van vroueïdsters vir *Die OB* tussen 1943 en 1946. OB-vroue het hoofsaaklik gebruik gemaak van die volksmoederdiskoers om hulle posisie in die OB te beskryf en dus ook hulle mening uit te spreek oor die OB se amptelike beskouing van die vrou. Vroue het hierdie beskouing geïnterpreteer as een wat aan die vrou groot belangrikheid toeken, hoewel dit beperkend van aard was. So skrywe genl. ACM Mostert dat die OB sonder die vrou geen OB is nie, “net so min as die Ossewa van die verlede vir ons enige betekenis sou gehad het sonder die vrou. Sy ry nie net saam nie, sy werk saam, sy ly saam, sy offer saam”. Mostert meen dat die vrou die hart van die OB is en as jy haar sou wegneem, bly daar net ’n “lewenlose liggaam” en ’n “dop sonder ’n kern” oor.²⁸ Genl. Meyer het hierop uitgebrei deur te noem dat die rede vir die belangrikheid van die vrou hoofsaaklik is omdat sy “die sedelike stand van die volk hoog moet hou” en dat sy die een is wat die volkseie aan die volgende geslag moet oordra.²⁹ Vir genl. Du Toit is die vrou belangrik, want vir haarself vra sy niks: “Sy is bereid om te dien en te gee, in die toekoms net soos in die verlede.”³⁰ Die verwysing na die verlede is veelseggend. Dit is in die geskiedenis waar die vrou se kwaliteite gekweek/gekonstrueer is wat haar só ’n belangrike deel van die OB maak. Vroue self het die mitiese konstruksie van die volksmoeder in die verlede gepropageer as die model vir die “ideale vrou”. Vir hierdie vroue was die OB ’n voortsetting van die Afrikaner se heilsgeskiedenis en so was daar ’n direkte verband tussen die vrou van die verlede en die Afrikanervrou in die OB. Laasgenoemde blyk duidelik uit die woorde van genl. Mostert:

“Die Ossewabrandwag [het] dieselfde pad bewandel as die voorgeslagte, die pad wat die moeders en dogters saam betree het, die pad wat sonder die vrou op niks sou uitgeloo het nie. Gedurende sy ontwikkeling het die Ossewabrandwag terdeë besef dat waar hy hom op die pad van Suid-Afrika bevind die vrou, die moeder en dogter moet saamtrek.”³¹

Vroue soos genl. Mostert het uit die geskiedenis die kwaliteite van die “ideale Afrikanervrou” afgelei – die kwaliteite van die volksmoeder soos geïnspireer deur die verlede. Genl. Meyer gryp so byvoorbeeld terug na die Groot Trek om die beeld van die vrou te beskryf: “Mag die staal in die karakter van die Voortrekkervrou ook in ons geopenbaar word. Die Afrikanervrou is onoorwinlik op die pad van Suid-Afrika. Aangevuur deur vroueliefde is niks vir haar te veel nie.”³² Komdt. C Gericke

28 OBA, ACM Mostert, “Die vrou in die Ossewa-Brandwag”, *Jaarboek 1948*, p. 13.

29 OBA, *Die OB*, 2 Junie 1943.

30 *Ibid.*, 13 Februarie 1946.

31 OBA, Mostert, p. 13.

32 OBA, *Die OB*, 2 Junie 1943.

van Mosselbaai skryf dat, “[d]ie geskiedenis bewys dat waar die mans dikwels offers eis in sy stryd om te bestaan, die vrou nooit offers eis nie, maar waar daar ’n offer nodig is, daar offer sy haarself”.³³ Net soos die vrouedelegasie tydens die Britse oorname van Natal voor die Kaapse Kommissaris hulleself beskou het as politieke agente met ’n inspraak, so ook het OB-vroue nie geskroom om politieke standpunte te maak nie. Dit is juis die opoffering van die vrou wat haar sáám met die man die pad van Suid-Afrika laat stap het, daarom het sy ook ’n invloed op die koers van daardie pad gehad. Hier is dit belangrik om te let op die wyse waarop vroue in die OB die volksmoederbegrip sodanig geformuleer het dat dit aansluiting vind by die idees oor Afrikanermanlikheid. Dit het dit nie uitgedaag nie, maar aangevul. Nie net komdt. Gericke het verwys na die “opoffering” as karaktereienskap van die vrou nie, maar hierdie tipiese eng beskouing van die Afrikaner-vrou sou ook ’n belangrike deel uitmaak van die OB se volksmoederkonsep.

In ’n oproep vir die Fondsdag van 1942 is die “opoffering” van die vrou in die verlede voorgehou as inspirasie vir skenkings: “Indien die moeders van ons volk in die verlede gewillig was om hul seuns, ja selfs hul suigeling op die altaar van ons vryheid te lê, is u nie bereid om vandag maar net ’n deeltjie van u geldelike inkomste op die altaar te lê vir dieselfde vryheid wat nog nie verwesenlik is nie?”³⁴ Daar is ook ’n direkte verband tussen die vrou se opoffering in die geskiedenis en die “offers” wat gebring is vir die OB. Kmdt. Gericke het tydens ’n OB-dag-funksie in 1945 gesê dat:

“[m]et die styging van pryse, van rantsoenering en bediende-vraagstuk weet ek dit was vir elke vrou wat bygedra het tot hierdie uitstalling van lekkernye nie net ’n groot offer nie, maar wel ’n geloofsdaad. Vir dié van u wat dit vandag weer moet koop, is dit ook ’n offer, maar ek weet u is trots daarop dat u iets *kan* offer op die altaar van ons toekomstige vrye Republiek.”³⁵

Vroue is deur genl. Meyer aangemoedig om vanuit alle oorde op te offer: “Ons sal moet bereid wees om ons alles veil te hê anders is alles verlore. Moet tog nie u mans terughou om hul plig te doen in hierdie tyd van ’n volk se nood nie. Intendeel, moedig hulle aan al dreig persoonlike vervolging. Daar is groter dinge as dit op die spel. Laat die volksbelang en die toekoms van u kind meer tel as persoonlike belang.”³⁶ Die OB-leidsters het nie net die volksmoederkwaliteit van opoffering beklemtoon nie, maar hulleself ook gesien as voortsetters van die vryheidsin van hulle voorgeslagte. Vroue het hulle denkrigting in die OB as anti-Brits tipeer. Genl. Mostert skryf: “[s]oos in vervloë dae die moeders liever kaalvoet oor die Drakensberge sou gaan, so het hulle dogters ook in tye van krisis hulle aandeel

33 *Ibid.*, 9 Junie 1943.

34 *Ibid.*, 22 Julie 1942.

35 *Ibid.*, 9 Junie 1943.

36 *Ibid.*, 2 Junie 1943.

bygedra om die O.B. staande te hou, en solank die vrou voortgaan op hierdie weg is daar niks vrees vir die toekoms nie – ons sal oorwin!”³⁷

Vroue was ook bewus van hulle “hoogste roeping”, soos uiteengesit in die OB se gesinsbeleid, naamlik dié van moeder en het by verskeie geleenthede hierdie “roeping” probeer regverdig. Die vroue self het hulle pligte beskryf as dit wat hoofsaaklik om die gesin wentel. Dit is duidelik uit genl. Meyer se artikels en toesprake dat sy baie goed belese was in die amptelike gesinsbeleid van die OB, aangesien sy dit byna woordeliks aanhaal as sy praat oor die taak van die vrou.³⁸ Sy skryf dat die vrou onder die regering van die dag nie haar plig as moeder kan nakom nie: “Die veredeling van die vrou raak verlore onder armoede en ellende. Die vrou beseft dat sy van die huidige stelsel niks te verwag het nie, daarom het sy haar ingegooi in die stryd wat die Ossewabrandwag voer.”³⁹ Die vernaamste taak van die vrou is volgens genl. Meyer die volgende:

“Die werk van die vrou in die O.B. is en moet altyd bly dié van vrou en moeder. Ons kindertjies moet nie net hul eerste gebedjie aan moedersknie leer nie, maar hulle moet daar ook leer om hulle eie volkshelde te ken en te eer, daar moet ons moeders vir hulle vaderlandsliefde en trou inboesem; daar moet hulle hul geskiedenis leer, want ’n volk wat sy geskiedenis nie ken nie, ken ook geen vaderlandsliefde en trou nie.”⁴⁰

Aangesien die vrou nie onder die regering van die dag die bogenoemde plig volkome kon uitleef nie, het hierdie vroueiers die OB, en die beweging se anti-parlementêre toekomsideaal, gesien as die alternatief. Vroue het dus ingekoop op die amptelike gesinsbeleid, maar bogenoemde vroue het dit nie beskou as beperkend van aard nie. Hulle het selfs hulle posisie in die OB beskou as van groter waarde as in ander organisasies. Genl. Meyer skryf soos volg:

“Daar is nie een organisasie wat so goed beseft wat ’n belangrike rol die vrou speel as die Ossewabrandwag nie. Daarom gee die Ossewabrandwag soveel aandag aan vroueorganisasie en is die werk aan die vroue opgedra van so aard dat dit die vrou sal bekwaam om haar plek met eer in te neem in die lewe van die volk. Dit is dan ook die strewe van die Ossewabrandwag om as dit die dag die gesag in die hande het, die vrou alle moontlike hulp, voorligting en bystand te verleen wat haar in staat sal stel om haar met welslae van haar taak te kwyt, en daardeur haar beste vir haar volk te lewer.”⁴¹

In min of meer dieselfde trant skrywe genl. Du Toit dat dit ’n “soet gedagte” is dat die Vroue-Adjunkraad (wat vroue op provinsiale en nasionale vlak verteenwoordig) opgeneem is in die Grootraad en dat die vrou ook sitting gehad het in die Uitvoerende Raad. Sy verklaar dat sy trots is op die prestasies van die vrou in die OB. Hierdie prestasies verwys na die algemene taak van die OB-vrou:

37 OBA, Mostert, p. 13.

38 OBA, *Die OB*, 2 Junie 1943; 8 Maart 1944; 19 September 1945.

39 *Ibid.*, 19 September 1945.

40 *Ibid.*, 9 Junie 1943.

41 *Ibid.*, 2 Junie 1943.

“Sy herinner aan die vriendskapsentrums wat oral verrys het; aan die wit rokke wat onafskeidbaar van die O.B. geword het, en boweal aan 8 Augustus (Fondsday) en aan 27 Februarie (Vryheidsdag) wat in die O.B. die skitterendste prestasies van die vrou geword het.”⁴² Genl. Meyer verwys ook na die volksorgtaak van die vrou wanneer sy skrywe: “[d]ie grootste taak van die vrou lê opgesluit in opheffingswerk” en dat die Noodhulpfonds ’n belangrike uiting is van die vrou se taak in hierdie verband.⁴³

Die bogenoemde beskrywing van vroueleiers se openbare verklarings oor die OB en die posisie van die vrou dui daarop dat vroue nie net gebruik gemaak het van die volksmoederbeeld in die beskrywing van hulle posisie nie, maar selfs die amptelike weergawe van die OB se beeld van die vrou met ope arms aanvaar het. Dit beteken dat die vroue self ook geslagsverskille verstaan het as gebou op biologiese standpunte en gevolglik die sosiale betekenis wat aan “vroulikheid” toegeskryf is in die OB-beleid, aanvaar. Vroue het openlik die meer konserwatiewe en noue interpretasie van die volksmoeder aanvaar en verdedig. Hulle het nie die manlike beleide help vorm nie, maar het ingekoop op ’n konstruksie wat hulle politieke agentskap uiters beperk het. Tog het hulle dit self glad nie so beskou nie.

Vroue het ’n baie beperkte invloed gehad op die formele politieke en administratiewe aangeleenthede binne die beweging self – en daarby ook net waar die vrou ter sprake was. Dit moet wel in ag geneem word dat vroue hulle *doelbewus* nie verset het teen hierdie eng beeld van vroulikheid nie, maar self betekenis daaraan verleen het. Hulle het dus aktief deelgeneem aan die konstruksie van die tradisionele, konserwatiewe weergawe van die volksmoederbeeld en het hulle identiteit gesien as bepaal deur biologiese determinisme geregverdig deur hulle geloof in God en hulle deelname aan die hipernasionalistiese diskoers van die OB. Dit blyk duidelik uit die volgende woorde van genl. Meyer:

“Ons glo in God wat die Boerevolk so wonderlik gevestig het. Ons glo in ons roeping om ’n witmansland in Suid-Afrika te verseker. Laat die fakkel van hand tot hand gegee word, van geslag tot geslag. Boerenooi, eis dit van jou minnaar dat hy hom sal inskerp in hierdie vryheidstryd! Boerevrou, verg dit van jou man dat hy sy man sal staan in die uur van sy volk se nood! Boeremoeder, boesem dit in in die siel van die kleine aan jou knie: ‘Die stryd wat ons vaders / begin het, / Sal woed tot ons sterf of / gewin het!’”⁴⁴

Vroue se openbare optrede met betrekking tot geslagspolitiek het nie net beperk gebly tot die OB self nie. Daarmee saam het hulle regverdiging van die beperkte en eng interpretasie van die volksmoeder neerslag gevind op ander openbare platforms as net dié van die OB. Vervolgens word daar gekyk na vrouemenings oor die breër Afrikanerpolitiek van die dag.

42 *Ibid.*, 13 Februarie 1946.

43 *Ibid.*, 8 Maart 1944; 2 Junie 1943.

44 *Ibid.*, 19 September 1945.

3. VROUESTEMME: OB-VROUE EN DIE POLITIEKE STRYD TUSSEN DIE OB EN HNP

Die Ossewa-Brandwag wou van sy stigting af ’n volksorganisasie wees en nie ’n politieke party nie. Die Nasionaal-Sosialistiese aard van die beweging het parlementêre politiek totaal teengestaan. Gedurende die beginjare van die OB het die beweging baie naby aan die Herenigde Nasionale Party (HNP) gestaan. LM (Bertie) Fourie verwys na die tydperk 1938 tot 1941 as die “wittebroodsdae” van die OB en HNP. In 1941 het daar ’n skeuring tussen die OB en die HNP plaasgevind en tussen 1941 tot 1948 was die OB uitgesproke teen alle vorme van partypolitiek en het vyandig gestaan teenoor die HNP. Hierdie artikel fokus slegs op die vrou se deelname aan die politieke diskoers en gaan nie in besonderhede in op die geskiedenis van die verhouding tussen die OB en partypolitiek nie. Daar word hier spesifiek gekyk na die OB se verhouding met die HNP. Die OB se verhouding met die Afrikanerparty word in Fourie se studie deeglik verken.⁴⁵

Tydens die 1948-verkieping was daar steeds groot onmin tussen die OB en HNP, maar op die laaste nippertjie het dr. Van Rensburg, Kommandant-Generaal van die beweging, opdrag aan OB-lede gegee om tog te gaan stem – om Smuts se bewind te beëindig en ter wille van die “behoud van Blank Suid-Afrika”.⁴⁶ Oor die paaie wat deur die twee organisasies voorgestel is om hierdie behoud te verseker, het vroue ook hulle stemme laat hoor deur deel te neem aan die formele politieke diskoers – gedurende die tydperk 1938 tot 1941 en 1941 tot 1948.

In sy vooroorlogse fase het die OB hoofsaaklik gekonsentreer op organisering, strukturering en die bestendinging van die gees van die 1938-Ossewatrek. Die HNP en OB het ooreengestem in dié sin dat albei hulleself beywer het vir die “Afrikanersaak”. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die gevolglike swak vertoning van partypolitiek om Afrikanereenheid te bewerkstellig, het die OB ’n toevlugsoord geword “buite die enigermate geneutraliseerde partypolitiek” van die oorlogsjare.⁴⁷ Dit het uiteraard gelei tot die reusagtige groei van die OB wat volgens *Die Transvaler* die 400 000-merk in 1941 bereik het.⁴⁸ Hoewel daar aanvanklik geen konflik was oor die afbakening van werksterreine tussen die OB en HNP nie, sou dit later ’n brandpunt word. So is die Cradock-ooreenkoms op 29 Oktober 1940 tussen dr. DF Malan en die dagbestuur van die OB gesluit. Dit het daarop neergekom dat die HNP die “party-politieke terrein” en die OB die

45 Vir ’n deeglike agtergrond oor die politieke woelinge van die OB, sien LM Fourie, “Mobilisering van die Afrikanerdom”. In: Van der Schyff (red.), pp. 45-182.

46 Fourie, p. 145.

47 *Ibid.*, p. 46.

48 *Die Transvaler*, 22 Januarie 1941.

“nie-politieke terrein” sou behartig.⁴⁹ Dit is juis hierdie moontlike oorvleueling van terreine – en in besonder die politieke mag van die OB – waaroor vroue hulle mening in die pers sou uitspreek. Mev. S Moerdyk, veldkornet van die OB-kommandantskap van Pretoria Oos, sou in twee artikels in *Die Transvaler* van 1941 deelneem aan die politieke diskoers – eers oor die bestaansreg van die OB langs die HNP en daarna sou sy haar mening lug oor die moeilikhede wat uiteindelik sou lei tot die skeuring tussen die OB en HNP.

Moerdyk se artikel in *Die Transvaler* van 27 Mei 1941 het in die kolom “Die vrou in die politiek” verskyn. Die titel van haar artikel was “Die party en die Ossewabrandwag” waarin dit duidelik geword het dat sy as lid van beide die OB en die HNP die bestaansreg van die OB langs die party wou regverdig. Sy verwys na die Cradock-ooreenkoms en na die twis oor die politieke terrein deur te noem dat “al hierdie gissings behoort tot ’n end te kom nou dat sowel die politieke leiers as die O.B.-leier die posisie van die twee organisasies teenoor mekaar uiteengesit het”. Vir haar voldoen die OB en die HNP aan twee groot funksies, naamlik die politieke lewe en die volkslewe en sy meen daar is “ruimte vir albei en elke regsgesinde Afrikanervrou kan haar kragte inspan om albei te bevorder. Sy kan ook help om elkeen se werk op die juiste afgebakende gebied te hou.”⁵⁰

Ten spyte van haar OB-lidmaatskap is Moerdyk duidelik meer HNP-gesind. Sy verdedig die HNP teen die kritiek wat teen die party ingebring is ná Suid-Afrika se toetreding tot die Tweede Wêreldoorlog en skryf dat, “[s]ulke opmerkings sou dom wees as hulle in normale omstandighede gemaak word. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat almal vandag in ’n hoog gespanne toestand lewe.” Haar ophemeling van die party gaan ook verder. Sy skryf die bestaan van die OB toe aan die arbeid van die HNP:

“Was dit nie vir die aanhoudende stryd wat die party tot steun van die kultuurstryd gevoer het nie, dan sou daar vandag geen Afrikaanse kultuurverenigings gewees het nie, geen Afrikaanse ekonomiese en handelsorganisasies nie en geen Ossewabrandwag nie. Omdat die volk die Nasionale Party liefgehad het, kon sy ideale posvat en is die OB moontlik gemaak.”⁵¹

Hierdie mening van Moerdyk het egter reaksie ontlok van ’n ander OB-vrou, naamlik mev. CM Lotter wat in ’n brief aan *Die Transvaler* geskrywe het, “ek [wil] met haar saamstem waar sy sê dat daar ruimte is vir sowel die politieke party as vir die OB”, maar sy gaan verder en skrywe, “[e]k verskil egter van mev. Moerdyk se stelling dat die Nasionale Party die ontstaan van die O.B. moontlik gemaak het”.

49 AJH van der Walt, *’n Volk op trek: ’n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg: Kultuur en Voorligtingsdiens van die Ossewa-Brandwag, 1944), p. 26.

50 *Die Transvaler*, 27 Mei 1941.

51 *Ibid.*

Lotter skrywe dat dit eerder die OB self en sy ideale is wat noodgedwonge ontstaan het as ’n aanvulling vir die leemtes wat daar in die politieke party ontstaan het. Sy noem dat die fenomenale groei van die OB ’n bewys hiervan is. Wat die aanvulling van die party betref, meen Lotter die party het wel nasieliefde onder Afrikaners gekweek, maar die OB leer die Afrikaner weer nasiediens. Haar brief is baie meer gebalanseerd as die artikel van Moerdyk en sy lê groot klem op die behoefte aan Afrikanereenheid en sê dat die vrou in dié geval “durf en eis” dat die HNP en OB hande vat en saamwerk op weg na daardie eenheid. Lotter brei daarop uit waarom die vrou so “durf” en haar woorde is veral belangrik teen die agtergrond van die OB-vrou se mening oor haar posisie in die politiek:

“Hier en daar hoor ’n mens van ’n vrou wat sê dis nie volgens die tradisies van ons voorouers vir vroue om hulle met die politiek te bemoei nie. Hier het hulle dit verkeerd. Die vrou van Suid-Afrika is die stemreg in volksake toegesê nog in die Natalse dae van die Voortrekkers, jare voor dit in ander dele van die wêreld gedoen is. Die vrou se opinie is nog altyd geëer – seker omdat sy so saam gely en gestry het met die man. Sal sy dan nie ook in die toekoms haar plig doen en ook haar invloed laat geld nie? Laat die voorwaarde net wees: edel en groots in al haar dade.”⁵²

Haar voorwaarde dui op die invloed van die *volksmoeder* op die politieke posisie van die vrou. Lotter is oortuig daarvan dat die vrou ’n belangrike rol in die politiek speel, maar hierdie rol *verskil* van die van die man, aangesien haar dade “edel en groots” is – in ooreenstemming met die simboliese klem op die *volksmoeder* as die bewaarder van die morele waardes van die volk. Dit is nietemin ’n wyer interpretasie van die volksmoeder wat plek maak vir die vrou in die formele politiek – soos Lotter tereg uitwys.

In die bogenoemde artikels “praat” twee vroue wat diep bewus is van die politieke gebeure wat om hulle plaasvind. Hulle bemoei hulle daarmee en ag hulleself as agente wat ’n sê het in die politiek en geregtig is om hulle mening uit te spreek. Dit is belangrik vir die vrou se beskouing van *haarself* as agent. Met die skeuring tussen die OB en HNP kom dit nog sterker na vore dat baie vroue hulleself gesien het as onafhanklike politieke agente wat *self* besluite oor hulle politieke posisie en affiliasie kon neem.

Groot reaksie onder vroue is ontlok ná die finale skeuring tussen die OB en HNP in September 1941. Hoewel verhoudings tussen die twee organisasies alreeds gespanne geraak het oor die twis oor inmenging op mekaar se terreine, was die eerste groot oorsaak van skeuring die konsep-republikeinse grondwet wat die OB in ’n omsendbrief in Julie 1941 gepubliseer het. Hiervolgens was die verkryging van ’n republiek nie ’n partypolitieke saak nie, maar ’n volksideaal van die Afrikanerdom. Dr. Malan het dit beskou as blatante inmenging van die OB in politieke sake en het vervolgens ’n ultimatum aan die OB gestel. Die OB moes dadelik Omsendbrief 1/41

52 *Ibid.*, 9 Junie 1941.

terugtrek anders sou Malan die OB as vyandig verklaar en alle HNP's versoek om uit die OB te bedank.⁵³

As gevolg van hierdie geskil het die Afrikanereenheidskomitee (AEK) 'n vergadering belê vir 1 September 1941. Dr. Malan het geëis dat die OB aan effektiewe terreinerkenings sal voldoen en hom onmiddellik aan die politieke terrein moes onttrek. Die besluite van die komitee is verwys na die OB en die HNP om opmerkings te maak en terug te stuur na die AEK, maar dit was klaar te laat. Skeuring het reeds plaasgevind. Op 'n Grootraadsvergadering van 4-5 September bedank ds. CR Kotzé as voorsitter van die Grootraad vanweë die twis tussen die OB en die party. Sy bedanking is gebruik as anti-OB-propaganda deur die HNP. Voorts het dr. Malan tydens die vergadering van die AEK op 12 September die houding ingeneem dat die eerste basis vir eenheid misluk het en versoening onmoontlik is. In die woorde van LM Fourie: "Een ding is seker: die Afrikanerdom was verskeurd, en die oorsaak daarvan was die magstryd tussen die leierskorps van die OB en HNP."⁵⁴

Met die skeuring tussen die OB en die HNP is lede van beide organisasies genoop om te besluit aan wie hulle voortaan getrou moes wees. Ook die OB-vroue het geworstel met hierdie saak en moes uiteindelik oorgaan tot 'n besluit. Die reeds genoemde mev. S Moerdyk het as veldkornet uit die OB bedank: "omdat die rigting wat die afgelope tyd ingeslaan is m.i. nie in ooreenstemming is met en 'n ware vertolking van die konstitusie van die organisasie is waarop ek lid geword en die gelofte afgelê het nie" [*sic*]. Sy gaan verder deur te verklaar: "My gelofte van getrouheid aan my land en my volk word nie geraak deur my bedanking nie. Die besluite van die Groot Raad kan aan my getrouheid as Afrikanervrou geen afbreuk doen nie."⁵⁵

Die hoofkommandante van die Transvaal, mev. A Wassenaar, het ook uit die OB bedank en 'n verklaring aan *Die Transvaler* oorhandig waarin sy haar redes uiteensit. Sy skrywe dat die betrekkinge tussen die HNP en die OB sodanig versleg het en dat dit vir haar onmoontlik geword het om langer getrou aan albei te wees: "Die party is in hierdie tydsgewrig [...] volkome onmisbaar vir die Afrikaner se staatkundige vryheidstrewes, en ek kan dus nie anders doen as om die party te kies nie." In haar verklaring versoek sy dr. Van Rensburg om te erken die OB het 'n fout gemaak deur die politieke terrein te betree en dr. Malan te nader met die oog op versoening. Sy gaan sover as om te skryf dat indien Van Rensburg dit nie kan doen nie, hy liefds die offer ter wille van Afrikanereenheid moet neem en uit die OB as KG bedank sodat iemand die leisels kan oorneem "wat bereid sal wees om met die

53 Fourie, p. 60.

54 *Ibid.*, pp. 61-62. Sien ook, C Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the "Ossewa-Brandwag"* (Pretoria: Unisa Press, 2008), pp. 363-449.

55 *Die Transvaler*, 11 Augustus 1941.

party saam te werk en daarmee ’n bittere en onderling vernietigende Afrikanerstryd te voorkom”.⁵⁶ Die reeds genoemde mev. Moerdyk het in ’n verdere artikel, getiteld “Die nasionale vrou en die Ossewabrandwag”, haar mening gelug oor die skeuring tussen die OB en HNP. Moerdyk se siening was dus nie tot die OB beperk nie, maar sy dit kon ook buite die OB uitleef.

Moerdyk betreur die skeuring en vra haar lesers waarom die vrou in die eerste plek by die OB aangesluit het. Sy tref ’n skerp onderskeid tussen die politieke en nie-politieke terreine en noem dat vroue aangesluit het, want “[o]ns het geglo dat daar ’n terrein buite dié van die terrein van die party was waarop ons ook dienste kon lewer”. Met die OB wat die terrein van die party betree het, staan die “nasionale vrou” nou, volgens Moerdyk, voor ’n keuse, naamlik, “Wat is werklik in belang van MY LAND EN MY VOLK?” Vir Moerdyk bestaan daar geen twyfel oor wat die antwoord op hierdie vraag is nie. Sy skryf: “Dit is, dit was altyd, dit sal altyd wees, dat die party die hoofwapen is wat ons het om mee te stry vir volk en vaderland.” Sy herhaal ook die mening in haar eerste artikel dat die HNP verantwoordelik is vir die totstandkoming van die OB: “Die party is die bron van alles wat Afrikaans is: van die RDB, van die F.A.K. en ook van die O.B. As die party nie deur sy leiers en sy lede die nasionale gevoel van die Afrikaner gewek en bevorder het nie, sou daar nooit ’n herlewing gewees het nie [...]” Moerdyk moedig met hierdie artikel “elke Afrikaanse vrou wat intelligent belang stel in volksake” aan om hulle lidmaatskap van die OB prys te gee en die pad van die HNP te stap.⁵⁷

Die twis tussen die OB en HNP bring dit duidelik aan die lig dat daar wel vroue was wat nie blindelings die pad van die OB gevolg het nie. Daar was vroue wat hulleself as politieke agente beskou het en so geregverdig gevoel het *om oor suiwer politieke redes* nie saam te stem met die OB nie en in die openbaar hulle stemme te laat hoor. Die patriargale samelewing van die veertigerjare het die vrou wel toegelaat om te kies aan watter politieke front sy sou behoort. Die ironie is egter dat sy een manlike patriarg bloot net vir ’n ander prysgegee het. Vroue het dit nie in hierdie lig gesien nie. Vir hulle was die patriarg bloot die verteenwoordiger van die politieke idees waarmee hulle saamgestem het. Met die OB-HNP stryd was daar nie net vroue wat die OB prysgegee het ter wille van die party nie. Daar was ook kritiek teen die HNP vanuit vroulike oord en openlike ondersteuning oor veral die plek wat die vrou in die OB bekleed. Ná die skeuring tussen die OB en HNP reageer die HNP-gesinde *Burger* van 30 November 1942 oor die posisie van die Afrikanervrou soos uiteengesit in die OB se gesinsbeleid. Die stryd tussen party en volksbeweging het ook op die terrein van geslagspolitiek afgespeel.

In die bogenoemde artikel kritiseer *Die Burger* die OB se gesinsbeleid wat betref die posisie van die vrou. Die artikel verwys na die “grense” wat die beleid vir

56 *Ibid.*

57 *Ibid.*, 21 September 1941.

die vrou stel as die “Drie K’s van die ou Duitsland – Kerk, Kinders en Kombuis”. *Die Burger* interpreteer dit as die uitskakeling van die vrou uit alle seggenskap in die bestuur van die land en totale ondergeskiktheid aan die man. Oor die vrou se roeping as dié van moeder binne die gesin word daar verklaar, “as die vrou se plek in die huis is, dan volg dit logies dat die ander plekke vir haar gesluit moet wees. Die O.B. se vrouebeleid beteken dat die vrou uit die handel, die nywerheid en die professies moet verdwyn.” *Die Burger* gaan sover om te noem dat die OB se oplossing vir die toename in die getal vroue, wat dit vir ’n vrou onmoontlik maak om die huwelik te betree weens ’n gebrek aan mans, moontlik die invoer van veelwywery as staatsbeleid sal wees.⁵⁸ Nodeloos om te sê het hierdie artikel hewige reaksie ontlok.

Mev. M Roux het op die artikel reageer deur in ’n brief te skrywe: “’n Walglike en meer anti-Duitse artikel as in *Die Burger* onder die opskrif ‘Skakel die Vrou uit’ het ek nie vir ’n lang tyd gelees nie.” Sy kritiseer die skrywer en noem dat hy waarskynlik nooit in Duitsland was nie, want hy sou dan sien dat daar meer tevrede vroue is onder die beleid van “Kerk, Kinders en Kombuis” as onder die vroue wat beroepe bekleed. Sy tref ’n vergelyking met Afrikanervroue en verklaar, “ek [het] tot dusver nog nooit ’n vrou of meisie ontmoet wat teen ‘Kerk, Kinders en Kombuis’ gekant is nie. Hulle het genoeg gesonde verstand om te weet waar die regte plek van die vrou is, wanneer sy haar deel wil bydra tot die welsyn en opbou van haar nasie.”⁵⁹ Hierdie geval stem ooreen met vroue se verdediging van die enge interpretasie van die volksmoeder in die OB self. Die volksmoeder word ’n inperking tot ’n bepaalde raamwerk. Die feit dat vroue die gesinsbeleid herhaal en verkondig dui nie noodwendig op agentskap nie, maar kan vertolk word as die aanvaarding, meewerking en versterking van ’n beleid wat aan OB-vroue gegee is. So het mev. Roux die tradisionele beeld van die volksmoeder verdedig en die gesinsbeleid van die OB beskou as iets wat die vrou bevry en nie inperk nie. Dit dui op vroue se aanvaarding en interpretasie van hulle posisie in die “tradisionele” geslagsorde van die OB.

Die OB self het ook reageer op die artikel in *Die Burger* deur dit “’n stemvee-aanval op die Ossewa-Brandwag” te noem “wat in kinderagtigheid slegs deur sy liberalistiese uitkyk oorskitter word”.⁶⁰ In ’n artikel in *Die OB* verdedig die skrywer die OB se gesinsbeleid en gebruik geslagspolitiek om die OB se saak duidelik te stel en die partypolitieke stelsel af te kraak:

“Omdat die partypolitiek meer waarde heg aan ’n stembrief as aan ’n kind, moet die vrou maar kinderloos bly en as die volk met ondergang gedreig word deur ’n daling in sy geboortesifer, neem die partypolitiek sy toevlug nie tot die natuurlike aanwas nie, maar tot

58 *Die Burger*, 30 November 1942.

59 *Ibid.*, 3 Desember 1942.

60 OBA, *Die OB*, 9 Desember 1942.

die kunsmatige immigrasie van vreemdelinge uit vreemde lande, want hy ken geen bloed nie, maar net koppe.”⁶¹

Mev. Roux het in haar verdediging van die OB-beleid ook gebruik gemaak van geslagspolitiek. Oor vroue in die beroepsveld vra sy die manlike skrywer van die artikel in *Die Burger* die vraag af: “Miskien sal u in die toekoms liever baba wil oppas en kos kook? Sal u en u mede-Afrikaners daarvan hou?” Die omdraai van geslagsrolle is deur haar gesien as iets wat deur mans beskou sou word as walglik, maar sy self, as vrou wat die volksmoeder regverdig, beskou dit ook as walglik. Sy sien ook die politieke motiewe van *Die Burger* raak en beweer, “U wil die Afrikanervrou bangmaak vir Nasionaal-Sosialisme. U wil haar stem met bangmaak wen! Maar ons is net bang vir ’n staat waar die vrou geleer word om minagting vir ‘Kerk, Kinders en Kombuis’ te hê.”⁶²

Dit is ’n voorbeeld van ’n vrou wat die Nasionaal-Sosialisme van die OB, wat die vrou beperk tot die “drie K’s”, regverdig en verdedig. Dit is veelseggend om te sien dat ’n OB-vrou hier aggressief en defensief reageer op ’n artikel wat tradisionele en inperkende rolle kritiseer en uitdaag. OB-vroue het beslis openlik aanklank gevind by die nouer interpretasie van die volksmoeder.

Ten spyte van die deurlopende steun van enkele vroueiers, was daar in 1947 ’n duidelike verskuiwing wat betref die aard van die artikels van vroue toe dit duidelik geword het dat die OB nie baie langer sou bestaan nie. OB-vroue het al so vroeg as 1947, voor die uitklophou van die 1948-verkieping, begin om die bestaansreg van die OB te verdedig deur klem te plaas op die republikeinse ideaal en deur te wys op die prestasies van die OB as onmisbaar vir die bereiking van hierdie ideaal.

Genl. E Theron van Kaapland verklaar in 1947 in ’n toespraak dat sy trots is op die OB se verzet teen “die Empire”. Sy verwys na die historiese kontuïteit waarmee soveel OB’s na die beweging gekyk het, “[o]ns is net so hoogmoedig op ons verzet teen die Empire en sy oorlog as wat ons trots is op die rebellie van 1914”. Haar keuse van woorde dui ook op die nuwe omstandighede waarin die OB homself in daardie stadium bevind het deurdat sy in haar toespraak voortdurend die republikeinse ideaal beklemtoon het: “Die Ossewabrandwag het deur sy verzet teen die Empire en sy handlangers getoon dat daar nog ’n groep in die Afrikanervolk is wat nie sy siel verkoop het en sy republikeinse ideaal laat vaar het nie.” Tydens die oorlog is die OB se verzet gesien teen die agtergrond van die omvorming van die samelewing. Ná die oorlog is die verzet geïnterpreteer as dade in diens van republikanisme. Theron gaan sover om die OB in 1947 die enigste “republikeinse volksbeweging” te noem wat die ideaal van vryheid en die toekomstige republiek

61 *Ibid.*

62 *Die Burger*, 3 Desember 1942.

nooit sal prysgee nie.⁶³ Tydens 'n ander geleentheid verwys Theron ook na die OB se bestaansreg deur te noem dat die Eeufees vir baie Afrikaners net 'n opflikkering van emosie was en dat daar net 'n "kiekie met 'n baard of Voortrekkerrok" oorgebly het. Die OB, daarenteen, vind sy bestaansreg in die ideaal van die republiek wat by Monumentkoppie weer aangeblaas is in 1938.⁶⁴

Genl. Meyer van die Vrystaat was van mening dat die vrou 'n nog belangriker taak in die OB het te midde van al die terugslae wat deur die beweging ervaar word. Vir haar het die OB deur 'n moeilike tyd gegaan, maar dit is juis in die moeilikste tye "dat die Afrikanervrou ongekende hoogtes bereik het". Teen dié agtergrond glo sy dat, "[o]ok in hierdie tyd van bedreiginge sal sy die front nie verlaat nie". In haar verwysing na die vrou se taak in die republikeinse strewe herinner genl. Meyer die vroue dat hulle besig is om 'n volk te bou en dat "nou, meer as ooit tevore, moet die Afrikanervrou kniewerk doen en sorg dat die huisaltare brandend gehou word". Haar oproep aan elke Afrikanervrou in dié moeilike tyd waarin die OB hom bevind het, lui soos volg: "Wees getrou aan en staan brandwag vir huis en haard, vir volk en vaderland." Ten spyte van Meyer se bemoedigende woorde dui die opskrif van haar artikel alreeds op die geloof dat die OB onomkeerbaar besig was om agteruit te gaan: "Laat ons weier om met gevoude arms onder te gaan."⁶⁵

Die bogenoemde uitlatings van vroue dui daarop dat hulle hulself nie noodwendig totaal en met erns by Nasionaal-Sosialistiese idees geskaar het nie, maar dat hulle grootste politieke hunkering die verkryging van Afrikanereenheid en 'n republiek was. Waar die mans die fynere detail van die OB se Nasionaal-Sosialisme uitgewerk het, was OB-vroue as't ware groter Afrikaner-nasionaliste, aangesien Nasionaal-Sosialisme vir hulle bloot net 'n middel sou wees tot die klimaks van Afrikaner-nasionalisme in die vorm van 'n republiek onafhanklik van Brittanje.

Die HNP-oorwinning tydens die 1948-verkiesing was vir die OB 'n nóg groter slag as die resultate van die Tweede Wêreldoorlog. Die meeste van die OB-lede is in die Herenigde Nasionale Party (HNP) opgeneem.⁶⁶ Die uitslag van die algemene verkiesing van 26 Mei 1948 het die lede tot die besef laat kom dat die beweging tot niks sou lei nie. Uiteindelik het die OB in 1954 finaal ontbind.

4. GEVOLGTREKKING

Waar L Vincent aangetoon het hoe die nuwer interpretasie van die volksmoeder deur mans gebruik kon word om die vrou tot die huishoudelike sfeer te beperk,

63 OBA, *Die OB*, 27 Augustus 1947.

64 *Ibid.*, 8 Oktober 1947.

65 *Ibid.*, 27 Augustus 1947.

66 Prinsloo, p. 380.

het vroue in die OB hulle identiteit baie konserwatief geïnterpreteer. Mans het dit nie met brute fors afgedwing nie – vroue het dit aanvaar en daarmee saamgestem. Die amptelike gesinsbeleid van die OB, sowel as ander beleide oor vrouesake, is uitgewerk deur mans en vir goedkeuring aan vroue voorgelê. Die gesinsbeleid was ’n maatskaplike bloudruk wat tot volle verwerkliking sou kom in die toekomstige Nasionaal-Sosialistiese Suid-Afrika wat die OB wou bewerkstellig. Die volle samewerking van vroue was nodig vir die sukses van hierdie beleid, wat neergekom het op ’n eng interpretasie van die volksmoeder. Vroue het nie net hierdie manlik-uitgewerkte beleide aanvaar nie, maar dit ondersteun en verdedig. Die gevolg hiervan is dat daar nie ruimte in die OB was vir ’n eksplisiete en formele politieke plek vir vroue nie – vandaar dat, “Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?” so ’n veelseggende vraag is.

Dit moet in ag geneem word dat die OB, met sy Nasionaal-Sosialistiese ideologie, ’n baie meer rigiede en outokratiese organisasie was as ander bewegings waaraan sowel mans as vroue behoort het – soos byvoorbeeld die HNP. Hoewel Vincent se argument die moontlikheid van ’n eng interpretasie van die volksmoeder uitwys, kan E Brink se argumente die idee van ’n “noue interpretasie” nog meer versterk. Brink skrywe oor die volksmoeder dat, “one of the means by which men in male-dominated societies control women is by giving them a well-defined but circumscribed position [...]”⁶⁷ Die amptelike posisie van vroue in die OB was beslis beperk. Hoewel hierdie artikel geensins saamstem met die volle implikasies van die idee van “man-made women” nie, naamlik dat vroue geen rol gehad het nie, stem dit terselfdertyd ook nie saam met die idee dat vroue in die OB self hulle eie identiteit bepaal het nie. Dit was ’n wedersydse konstruksieproses. In ’n organisasie so rigied soos die OB is daar baie sterk skeidslyne getref tussen man en vrou. Hierdie lyne is deur mans in ’n amptelike beleid uitgewerk en is in die praktyk deur vroue aanvaar. Dit maak nie noodwendig van OB-vroue “man-made women” nie, aangesien hulle self *gekies* het om die beleid te aanvaar en op eie houtjie sover gegaan het om dit te verdedig – teoreties kon hulle hul verset. Nietemin was die politieke rol van vroue in die OB uiters beperk. Vroue het voorts hulle eie rol beperk deur kop in een mus met die patriargie te wees en het nooit die bestaande geslagsideologie uitgedaag nie.

Dit is egter belangrik om ook sensitief te wees vir die sentimente van die tydgenote. Dit is duidelik dat die vroue in die OB geensins hierdie beleide as beperkend van aard beskou het nie. Die OB-vroue het haar stem ook in die openbaar laat hoor en het haar aktiwiteite en plek in die OB volgens politieke lyne gesien. Vroue was ongetwyfeld op die hoogte van politieke sake en het gevoel dat hulle via die OB ’n politieke doel dien. Vanuit ’n 21ste eeu se perspektief het OB-vroue hulself polities in die voet geskiet om nie aanspraak te maak op ’n wyer interpretasie van

67 Brink, p. 273.

die volksmoeder nie. Tog het hulle “die huis” gesien as die ideale platform vanwaar hulle ’n politieke invloed kon uitoefen. Hulle het ook die OB geprys juis omdat die beweging die vrou tot die huis beperk het. Hulle beperkte rol in die OB self – as fondsinsamelaars en organiseerders – is ook deur hulle gesien as ’n posisie vanwaar hulle mag kon uitoefen, oftewel veg vir die “Afrikanersaak”. Vroue het hierdie oënskynlike “beperking” van die meer konserwatiewe beeld van die volksmoeder interpreteer as ’n posisie van mag – een waar hulle die hoë morele aard van die volk kon handhaaf deur hulle posisie as moeders van die volk. As moeders word die volk deur die vrou by die huis opgevoed en dus was die mag van die vrou gesetel in die feit dat sy die toekoms van die volk in haar hande het. In plaas van ’n wye interpretasie van die volksmoeder, het hulle ’n wyer interpretasie van mag gehad, waar hulle mag as die crux van ’n gesin uitgekring het na die breër samelewing. Vanuit hierdie perspektief het die OB-vrou haar volk deur haar huis gedien.